Bolandarea se saamtrek by Jozini-meer.

UAP se Bolandarea Verkoopspan, het aan die begin van Mei op 2 huisbote by die Jozini-meer gaan ontspan. Hierdie 3 dae was uiters genotvol en was ook baie suksesvol as spanbou-uitstappie. Die feit dat, op 3 agente na, die volle verkoopspan die uitstappie saam met hul vrouens kon meemaak , was die boustene vir 'n baie genotvolle ekskursie.

Na 'n drie en 'n halfuur-busreis vanaf Durban , was almal baie opgewonde om op die 2 huisbote , Shayamanzi 1 en Shayamanzi 2, te klim. Beide huisbote is baie luuks en elke paar het sy eie kajuit gehad. Vanaf die eerste ontmoeting het die uiters vriendelike en behulpsame bemanning van beide bote, een en almal beindruk! Terwyl ons vaar na 'n beskutte oornagplek aan die oewer van die meer, kon ons kyk na troppe Olifante, Vlakvarke, Kameelperde, Rooibokke, Njala's en selfs 'n paar Koedoes op die oewer van die meer.

Die manne het natuurlik baie uitgesien om te gaan Tiervis vang. Alhoewel die manne in twee visvangspanne [die Super Kings (ou manne) en die Daring Devils (jongmanne)] verdeel was , het die kompetisie eers die volgende dag begin. Donderdagnamiddag is dus as 'n oefenlopie gebruik. Visgerei en -aas is deur die Skipper van elke motorboot gepak en die 4 bote is weg op soek na Tiervis! Om +- 18:00 ,terwyl ons na 'n wonderlike sonsondergaang op die meer kyk, het ons begin oppak om terug te keer na die huisbote. Sommige manne was suksesvol en ander het nog mombakkies opgehad. Die aandete is om 20:30 bedien. Almal was beindruk met die baie lekker kos. Vir die res van die aand is daar gekuier en gesels. Sommige manne het na die kriekettoets op TV gekyk .Na 'n lang, uitputtende dag het die meeste van ons nie ou bene gemaak nie en sommer vroeg al gaan inkruip.

Om 06:00 uur die volgende dag was daar groot opgewondenheid onder die manne. Oral het jy manne in of geel of rooi hempies (amptelike spandrag) sien rondskarrel om reg te maak vir die begin van die groot visvangkompetisie. Die grootste probleem was om ten minste een van die opposisie se spanlede op jou boot te kry - volgens kompetisiereëls! Om 10:00 het die bote teruggekeer na die huisbote vir ontbyt. Almal se vangste met gewigte moes op die telbord aangeteken word. Op hierdie stadium was daar tekens dat die Daring Devils besig is om hulle geluk op te gebruik! Na ontbyt het die bemanning die ankers gelig en het ons weer begin vaar: eers na die indrukwekkende 100m hoë damwal, en daarna na ons volgende vasmeerplek. Al twee spanne was nou oorgehaal om met die volgende visvang-rondte hul staal te wys!

Die volgende dag en 'n half het hierdie roetine hom herhaal. Die manne gaan vang vis as die boot anker gooi, terwyl die vrouens boeklees, gesels of almal saam in die jacuzzi baljaar. Saterdagaand was dit die Bulle teen die Stormers op Nuweland. Almal was voor die TV en het gejil en gegil om hul span aan te moedig. Na die Stormer-oorwinning was Willem Pool die gelukkige wenner van die "pool" (daar is vooraftellings geraai!) wat ten minste R650 groot was. Na aandete het Willem Vermeulen die prysuitdeling waargeneem. Dit was 'n bitter pil om te sluk - die Daring Devils het net-net gewen ! Darren Hume het weggeloop met die prys vir die swaarste Tiervis - 2.6kg. Die inkleurboek vir die ou wat liewer moet gaan inkleur as om te probeer vis vang , is deur Henri Grové verower !

Sondagoggend het almal begin oppak om teen +- 10:30 die boot vaarwel toe te roep en die tog na Kaapstad aan te pak. As streeksbetuurder wil ek graag weer my dank betuig aan die wonderlike Shayamanzi-bemanning. Hulle weet beslis wat dit beteken om die kliënt eerste te plaas! 'n Spesiale dank aan Richard , die kaptein in beheer van die bote. Aan alle agente en hul metgeselle: baie dankie dat elkeen so mooi saamgewerk het om te bou aan 'n wonderlike spangees en so verseker het dat almal die uitstappie baie geniet het. Laastens: baie dankie aan BASF wat die insentief daarstel sodat die agente, deur toegewyde verkope van BASF-produkte, die geld kan verdien wat so 'n uitstappie moontlik maak !

Manne, die resep is eenvoudig: julle weet wat om te doen sodat ons weer volgende jaar op 'n lekker uitstappie kan gaan !

Groete!

Kobus Meintjes